

Dinsdag 29 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 5:1-6

Fokusgedeelte: Jakobus 5:4

Lewende geloof is lewende Christusdade: 'n Nuwe hart bestier 'n nuwe manier van gee

'n Dringende waarskuwing word aan welgestelde of ryk mense gerig. Hulle huiwer op die rand van oordeel, omdat daar by hulle 'n lewensingesteldheid was om voordeel ten koste van ander te behaal. Hulle was gierig. Hulle het vir hulle skatte in die hier-en-nou by-mekaargemaak en dit het die oorheersende kenmerk van hulle lewe geword.

Natuurlik is daar niks mee verkeerd om besittings te hê en boonop 'n gelowige te wees nie. Die groot probleem kom egter daarby dat jy die reëls bepaal vir die manier waarop jy dit bekom en dit bestee.

Die rykes was nie deel van die lidmate in verstrooiing aan wie Jakobus skryf nie. Waar-skyklik was hierdie rykes boere wat aan die Joodse sinagoge behoort het. Hulle weet van die Here. Hulle was soos die verstrooide Christusgelowiges ook Jode. Tog het hulle van-weë die feit dat die Christene met bloedweinig besittings eintlik rondtrekkende mense was, misbruik gemaak. Die Christene was mense wat letterlik dag-arbeiders was. Hulle het hande-arbeid vir hulle daaglikse brood verrig. Hulle is vir hulle bestaan aan hulle werk-gewer uitgelewer.

So is dit ook met elkeen van ons gesteld wat werkgewers van loonwerkers is. Ons ver-geet dat ons rentmeesters van God is. Daarom moet jy mooi luister wat Jakobus skryf. Om jou ten koste van mense te verryk, is 'n saak wat nie ongesiens by God verbygaan nie. Die arbeiders se geroep om reg, spreek direk tot God. Wie van hulle loon vir eie gewin terug-hou, bederf jou besit. Jy word 'n ontroue rentmeester wat aan God rekenskap sal gee. Daardie rykdom vergaan, maar die rykdom van regverdigheid bly bestaan.

Vergader vir jou skatte in die hemel, want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees, leer die Here (Matt. 16:19-21). Jesus Christus is die grootste skat aan jou toevertrou.

Sing: Psalm 51:8 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)